UKUBA

TO BECOME OM TE WORD

BEFONDSING EN SUBSIDIE

HOE WERK ‘n STAATSUBSIDIE ?

Sodra ‘n Dagsorgsentrum geregistreer is, kan daar by die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling aansoek gedoen word vir subsidie. Die Dagsorgsentrum het dus reeds voorwaardelik of onvoorwaardelik ‘n registrasiesertifikaat ontvang.

Staatsubsidie word toegeken in veral baie arm gemeenskappe waar gesinne nie oor die nodige middele beskik om voedsel en ander basiese benodighede vir hulle kinders te voorsien nie. Dit beteken dat die gesamentlike inkomste van beide ouers minder as R3 000,00 per maand moet wees.

Die Dagsorgsentrum doen aansoek om subsidie deur middel van Skedule A. Dit behels die volgende:

- Elke kind se inligting moet apart gestoor word tesame met die ouers se bewys van inkomste
- Elke kind moet in besit van ‘n identiteitsdokument wees
- Die Dagsorgsentrum moet oor ‘n eie goedgekeurde bankrekening beskik
- Die Departement het ‘n BAS vorm wat hul voorsien waarop al die bankbesonderhede bevestig word. Slegs oorspronklike vorms word aanvaar wanneer daar aansoek om subsidie gedoen word.

Elke provinsie se subsidiëring per kind per dag verskil. Die kinders in Nasorgsentrums in die Wes-Kaap word byvoorbeeld gesubsidieer teen R15-00 per kind per dag.

Die subsidie het ‘n formule waarvolgens die geld bestee moet word:

40% vir personeel se salaris
40% vir voeding vir die kinders
20% vir die infrastruktuur en apparatuur

Befondsing van die Departement Maatskaplike Ontwikkeling vereis die volgende:

- Fondse mag slegs aangewend word vir kinders wat by die Dagsorgsentrum ingeskryf is
- Fondse mag slegs aangewend word vir die doel soos uiteengesit in die kontrak wat die Departement met die betrokke Dagsorgsentrum aangegaan is
- Dat daar daagliks deeglik rekord gehou word van alle inkomste en uitgawes
- Enige ongebruikte fondse verklaar word en indien die sentrum dit vir ‘n ander doel wil aangewend, daarvoor aansoek gedoen word
- Vorderingsverslae soos in die kontrak versoek betyds en gereeld ingehandig word. Datums word op die kontrak uiteengesit.
- Geouditeerde state en of finansiële state moet jaarliks by die Departement Maatskaplike Ontwikkeling ingehandig word.

WAT IS DIE VERSKIL TUSSEN SUBSIDIE EN FOOIE OF KLASGELDE

‘n Studie het getoon dat ‘n fasiliteit ‘n minimum-inkomste van R500,00 per kind per maand benodig om volhoubare dienste te kan lewer. Fooie/klasgelde is dus onvermydelik. Dit is ook nodig om te bepaal wat ouers in baie arm gemeenskappe wel kan bydra. Dit sal van area tot area verskil. Inkomste behoort deur fondswerwing aangevul te word.

Die beste manier om te bepaal wat die fooi behoort te wees is om ‘n opgawe te maak van al die uitgawes. Die uitgawes word deur die aantal kinders gedeel en dan weer deur 12 vir die 12 maande van die jaar.

VOORBEELD:

Uitgawes van Sonskyn Dagsorgsentrum met 20 kinders is: R250 000,00

R250 000 gedeel deur 20 kinders = R12 500,00 per jaar

Deel R12 500-00 deur 12 maande = R1 041,00 per kind per maand

(Onthou as die kind subsidie ontvang bv R15 per dag x 22 dae = R330 per maand moet die oorblywende R771 per maand dmv ander inkomste aangevul word. Dit beteken fooie en/of fondswerwing)